Bybel vir Kinders

bied aan

Jesus het die Stormagtige See stil gemaak

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest

Vertaal deur: Yvette Brits

Aangepas deur: Ruth Klassen

Storie 48 van 60

www.M1914.org

Bible for Children, *PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans



Jesus en sy dissipels was op 'n boot toe daar skielik 'n hewige storm losbars. Dit slaan die See van Galilea in 'n furie. Die storm kan veroorsaak dat 'n skip sink en die mense verdrink.

1

Die storm het die dissipels bang gemaak. Golwe het oor die boot geslaan en die boot gevul met water. Maar Jesus het geslaap in die storm. Die dissipels maak Jesus wakker, skreuend, "Here, red ons! Ons vergaan!"

2

Hy sê vir hulle: "Waarom is julle bang, kleingelowiges?" Daarna het Hy opgestaan en die wind en die see hard aangespreek, om op te hou waai.

3

En die wind het kalmeer … en die see het rustig en stil geword. Die dissipels het verwonderd gesê: "Watter soort mens is Hy dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?"



4

Later in die dag, het Jesus nog 'n besige dag gehad. Meer as 5000 mense het hom gevolg na 'n verlate plek.

5

Met God se krag, het Jesus al die mense gevoed. Slegs met een seuntjie se middagete. Dit was aand. Jesus het almal teruggestuur.

6

Jesus het die dissipels in die skuit laat klim om solank voor Hom uit te vaar na die oorkant toe.



7

Nadat Hy die mense weggestuur het, het Hy alleen na die berg toe gegaan om te bid. Toe dit aand word, was Hy daar alleen.

8

Die dissipels was skaars op see toe hulle in 'n windstorm vasgevang was.

9

Die storm het gekeer dat hulle na die ander kant kon gaan, al het hulle vir ure geroei.

10

Die dissipels het nie geweet nie, maar daar het 'n groot verrassing vir hulle gewag.

11



Met dagbreek die volgende oggend het die dissipels Hom op die see sien loop, hulle het groot geskrik en gesê: "Dis 'n spook!" van angs het hulle hard begin skree.

12



"Maar dit was Jesus, hulle Here en Meester wat na hulle toe GELOOP HET OP WATER".

13

Maar Jesus het dadelik met hulle gepraat en gesê: "Wees gerus, dit is ek, Moenie bang wees nie."

14

Toe sê Petrus vir Hom; "Here, as dit regtig U is, bevel my om op die water na U toe te kom."
"Kom!" sê Hy. Petrus het uit die skuit geklim, op die water begin loop en naby Jesus gekom.

15



Maar toe Petrus sien hoe sterk is die wind, het hy bang geword en begin sink en uitgeroep: "Here, red my!"

16

Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom gegryp en vir hom gesê: "Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?" Hulle het toe in die skuit geklim, en die wind het gaan lê.

17



Die manne in die skuit het voor Jesus gekniel en gesê: "U is waarlik die Seun van God."

18

Jesus het die Stormagtige See stil gemaak

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Matteus 8, Matteus 14, Markus 4, Lukas 8

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!